

HOOFSTUK 3

DEKONSTRUKSIE VAN DIE TEKS VAN EFESIËRS 5:21-33

21. Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.
22. Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. 23. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. 24. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. 25. Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. 26. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27. sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. 28. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, 29. want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen 30. omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. 31. Daar staan in die Skrif: “Daarom sal man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” 32. Hierin lê daar diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. 33. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en vrou moet aan haar man eerbied betoon.

(1983-vertaling)

3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is hoofsaaklik om te bepaal of my egalitêre interpretasie (sien 1.2) op verantwoordelike wyse afgelei kan word van Efesiërs 5:21-33. Die teks van Efesiërs 5:21-33 is in 'n sekere sin 'n medewerker aan hierdie navorsingsprojek. Die teks vertel 'n storie en as iemand dit wil interpreteer en verstaan sal daar verantwoordelik met die teks omgegaan moet word. Hoewel ek die teks as navorser vanuit bepaalde sosiale konteks benader en hoewel ek dit reeds op sekere manier interpreteer, sal ek ook in hierdie afdeling die “not

knowing” posisie (Anderson & Goolishian 1992:27) probeer in teem teenoor die teks. Dekonstruksie van hierdie Skrifgedeelte is nie moontlik sonder *deeglike eksegeese* nie. Ons kan op ons beste slegs interpreteerders wees van die teks maar ons interpretasie moet hermeneuties verantwoord word. Ek stem met Van der Walt (1987 : i) saam as hy sê:

Die geskiedenis van Skrifverklaring dui eerder op eisegese (inleg) ter regverdiging van ’n bepaalde posisie van die vrou as werklike eksegeese (uitleg) van wat in die Bybel staan. Korrek verklaar leer die Woord van God nie die minderwaardige en onderdanige posisie van die vroulike geslag nie. Bybelse begrippe soos ‘hoof’ en ‘hulp’, wat tradisioneel gebruik is om die meerderwaardigheid van die man te regverdig, het in werklikheid glad nie die betekenis nie.

Ook Sampley (1971:34) deel hierdie siening:

The search ... should be guided by the most important components in the marriage image as they present themselves in these verses, rather than by preconceived or imported notions concerning what elements should be present or should be considered.

Wat die doel van dekonstruksie betref (sien 2.9) vereenselwig ek my met Botha (1998:50) se siening:

A deconstructive reading of the text implies that the reader is looking for the unintended and unquestioned assumptions inherent in the text. The attention is rather on the gaps, silences and ambiguities in the text ... It tries to reveal the taken-for-granted beliefs embedded in the text’s meaning. Understanding a text or a narrative is more similar to the comprehension of paintings than to the deciphering of codes (Polkinghorne 1995). Hence, deconstruction can be seen as a form of demythologisation (Hartin 1986).

Die doel is onder meer om vas te stel wat die teks sê en ook wat dit veronderstel as vanselfsprekend. Ons sal moet vasstel oor watter sake daar geswyg word en waarom. Verder sal ons die bedoeling van die skrywer met hierdie teks moet probeer bepaal. Wie is hier aan die woord en met wie word daar gepraat? Dit is belangrik vir hierdie studie aangesien ek aansluit by die sosiale konstruksie-diskoers en 'n kontekstuele benadering volg (sien 2.5). Alle waarhede word in en deur taal geskep en taal is 'n sosiale fenomeen. Die metafoor in Efesiërs 5 is geskrewe taal. Verder ontstaan realiteite altyd binne 'n bepaalde sosiale konteks. Konteks speel in hierdie navorsing 'n belangrike rol aangesien die konteks van die skrywer en die lesers sou bepaal hoe en waarom hierdie teks ontstaan het. Dit sal ook bepaal hoe die teks deur die lesers verstaan en geïnterpreteer word. Elkeen wat hierdie teks interpreteer of betekenis daaraan gee leef in 'n bepaalde konteks en dit beïnvloed weer die interpretasie van die teks tot 'n groot mate.

In dekonstruksie sowel as in hermeneutiek is dit ook belangrik om te bepaal wat die skrywer vir sy lesers wou sê. Is dit net die skrywer wat besig is om sy storie te vertel of is God ook deur die skrywer aan die woord? Is die boodskap net bedoel vir die mense in Efese of maak dit ook deel uit van God se selfopenbarende storie aan die mense van alle tye? Is dit soos sommige beweer 'n nuttelose, kultuurhistoriese dokument of is dit ook Woord van God? Ons sal nie net die teks moet verstaan nie maar ook die konteks. Die konteks beïnvloed die betekenis/verstaan van die teks en so beïnvloed die teks weer die konteks.

Ten einde verantwoordelik met die grammatika van die teks om te gaan, word deeglike eksegeese gedoen. Die omvang van hierdie studie laat egter nie toe dat die volledige eksegetiese proses hier weergegee word nie. Talle bronne is geraadpleeg ten einde die teks op verantwoordelike wyse te interpreteer en te verstaan. In hierdie hoofstuk word die navorsingsresultate kortliks vermeld en gevolglik word daar eintlik net 'n samevatting gegee van die hele proses. Daar word gefokus op die belangrikste bronne wat gewoonlik geraadpleeg word wanneer hierdie teks geïnterpreteer word. Hierdie bronne word beskou as voldoende vir die omvang van hierdie studie.

Aangesien 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg word in hierdie studie, word dit aanvaar dat daar geen enkelvoudige of objektiewe interpretasie of

betekenis van hierdie metafoor moontlik is nie. Daarom moet ek deurgaans bewus bly van my eie vooropgestelde standpunte en sosiaal-gevormde idees en werklikhede (sien 1.2).

Hierdie hele gedeelte is 'n **metafoor** wat as sulks ontleed moet word. Soos reeds gesê (sien 2.7) gebruik elke metafoor 'n bekende saak of beeld om 'n minder bekende saak te verduidelik. In die metafoor van Efesiërs 5:21-33 is die bekende saak die Christus-kerk-verhouding wat reeds deur die skrywer in die eerste deel van die Efesiër-brief verduidelik is. Die minder bekende saak wat belig word is die man-vrou-verhouding in die huwelik. Dit is belangrik om daarop te let dat die bekende saak nie met die onbekende saak gelykgestel word nie. Die twee sake stem dus nie in alle opsigte met mekaar ooreen nie. Die een saak is in *sekere* opsigte soos die ander saak.

Ek stem saam met Van Wyk (1987:77) wanneer hy sê:

- * Die mens kan nie anders oor (en tot) God praat as met behulp van metafore ontleen aan die aardse werklikheid wat hy ken nie. God het in sy selfbekendmaking juis van antropomorfismes en kosmomorfismes gebruik maak.
- * Hierdie metafore is geneem uit die totale werklikheid: manlik, vroulik, dierlik, stoflik.
- * Duidelik is ook dat God nooit identiek is aan bepaalde metafoor nie maar dat Hy in sy uniekheid elke simbool oorstyg.

Die woorde *soos* en *net soos* speel in 'n metafoor en gevolglik ook hier in Efesiërs 5:21-33 'n belangrike rol. In hierdie metafoor word daar dus gesê dat die huweliksverhouding tussen 'n gelowige man en gelowige vrou in sekere opsigte *soos* die liefdesverhouding tussen Christus en sy kerk is. Om die minder bekende aspekte van man-vrou-verhouding te verhelder, word dit met meer bekende (pas verduidelikte) aspekte van die Christus-kerk-verhouding vergelyk.

Die blote feit **dat** die skrywer van Efesiërs 'n metafoor gebruik sê reeds dat hy iets wil verduidelik wat nie algemeen bekend is nie. Dit beteken dus dat hy iets oor die huwelik wil sê wat minder bekend is aan die mense van sy tyd. As hy net die

patriargale beskouinge van sy tyd wou napraat kon hy dit mos doen sonder 'n metafoor, soos in die ander huistafels.

Ook die feit dat die skrywer van Efesiërs hier 'n Hemelse saak (Christus en sy kerk) gebruik as metafoor om 'n Aardse saak (die huwelik) te belig, sê dat hy iets wil verduidelik wat nie algemeen bekend is nie. Gewoonlik word dit in die Bybel andersom gebruik.

3.2 DIE KONTEKS

In hierdie afdeling word daar kortliks gekyk na die breër sosiaal-kulturele konteks van die Efesiër-brief.

3.2.1 Sosiale konteks, skrywer, lesers.

Sonder om verder deel te neem aan die debat oor die ontstaan van die Efesiër-brief en wie dit geskryf het, aanvaar ons vir die doeleindes van hierdie studie dat dit 'n post-Pauliniese geskrif is. Volgens Mitton (1973:11) maak dit die geskrif nie on-Paulinies nie. Die outeur bied 'n omvattende opsomming van Paulus se belangrikste teologiese idees. Hy maak egter wel aanpassings en gee nuwe interpretasie om te pas by die behoeftes van 'n ander tyd en situasie.

Die brief is geskryf as 'n omsendbrief aan verskeie gemeentes in Klein-Asië. Een van die gemeentes waar dit beland het was in Efese.

Die gelowiges in Efese was voorheen sogenaamde *heidene* of *onbesnedenes*, met ander woorde nie-Jode (Efesiërs 1:11 en 3:1). Hulle was na alle waarskynlikheid hoofsaaklik van Griekse afkoms. Hierdie mense kom uit 'n samelewing met sterk patriargale beskouings oor die huwelik en gesin. Die man was die onbetwiste hoof van sy vrou en sy kinders. Soos in die Joods-Romeinse wêreld van daardie tyd is die vrou beperk (ingeperk) tot die huis en was sy absoluut onderdanig aan haar man.

Die vrou was in absolute sin in alles minderwaardig en onderhorig aan die man: in die huwelik, gesin, godsdiens en sosiale lewe.

(Van der Walt et al 1987:95)

Dogters is ... slegs voorberei vir hulle plek in die 'kombuis' en by die kinders. Hulle was dus oor die algemeen intellektueel en kultureel onontwikkeld, onontslote en 'onbeskaaf'. Die patriargale gemeenskap het die seun opgevoed vir 'n verskeidenheid loopbane en bydraes in die samelewing. Die dogter is egter slegs daarop voorberei om die man te versorg en sy kinders groot te maak.

(König 1987:145)

Die vrou was eintlik haar man se besitting en haar hoofzaak was om kinders voort te bring. Vrouens en dogters het geen onderrig ontvang nie en was ook hoofsaaklik uitgesluit uit die kultus-bedrywighede. Sy moes haar tuis deur haar man laat onderrig.

In die Griekse kultuur was vroue weinig hoër as vee beskou, meer middel (naamlik die voortbring van gesonde burgers) as doel. Hulle posisie is nog verder verlaag deurdat die Grieke, anders as die Jode, nie hoër morele standaarde gehandhaaf het nie. Prostitusie, homoseksualisme en ander soortgelyke euwels was toelaatbaar.

(Van der Walt et al 1987:96)

Huwelike is gewoonlik deur ouers gereël en kinders het selde 'n sê gehad in die keuse van 'n huweliksmaat. Seuns het gewoonlik getrou rondom die ouderdom van 18 jaar en meisies kon trou as hulle 13 jaar was, soms selfs jonger (Joubert 1992:29). Binne die huwelik was dit die taak van die man om vir sy gesin te sorg, hulle te beskerm en hulle by die kultus te verteenwoordig. Die vrou moes haar huishouding versorg. In die Romeinse kultuur was die vrou hoofsaaklik gesien as 'n seksobjek wat haar man se behoeftes moes bevredig. Wat die Joodse vrou betref, skryf die bekende Joodse geskiedkundige Flavius Josefus:

A woman is inferior to her husband in all things. Let her therefore, be obedient to him: not that he may abuse her, but that she may

acknowledge her duty to her husband: for God hath given the authority to the husband.

(Contra Apionem 2:25. Vertaling deur Whiston 1981)

Vroue het nie veel regte gehad nie. Wanneer 'n vrou skandelik optree deur byvoorbeeld met los hare in die openbaar te verskyn, haar man se gesag uitdaag, die kos verbrand, of wanneer sy na tien jaar nog nie kinders kon hê nie, kon die man wettiglik van sy vrou skei. Joubert (1996:46) noem dat 'n man, volgens die Misjna-traktaat: Nedarim 20b, met sy vrou kon maak net wat hy wil net, soos met 'n stuk vleis wat uit die slaghuis kom.

In hierdie kulturele konteks verskyn die Efesiër-brief met die belangrike metafoor in Efesiërs 5:21-33 wat handel oor die huwelik.

Die konteks van die Christus-kerk metafoor (Efesiërs 5:21-33) binne die Efesiër-brief self, word kortliks in die volgende samevatting uiteengesit.

In hierdie brief gaan dit oor God se bedoeling: "... om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus" (Efesiërs 1:10). In hoofstuk 1-2 word Christus se verlossing verduidelik as basis van hierdie eenheid. In hoofstuk 3-4:16 word die eenheid van die kerk onder die hoofskap van Christus bespreek en in hoofstuk 4:17-6 word die eenheid bespreek soos dit gestalte kry in die nuwe lewe in Christus. In hierdie laaste deel wat handel oor die nuwe lewe (eenheid) in Christus, vind ons die sogenaamde *huistafel*, in Efesiërs 5:21-6:9, wat handel oor verskillende verhoudings in en om die Christelike huishouding. Binne hierdie huistafel vind ons die Christus-kerk metafoor (Efesiërs 5:21-33) waar die skrywer spesifiek stilstaan by die eenheid tussen man en vrou in die huwelik. Hy is hier dus eintlik besig om te sê hoe lyk die nuwe huweliksverhouding van Geesvervulde mans en vroue wat onder die hoof, naamlik Christus, verenig is.

Dit is belangrik om daarop te let dat die outeur van Efesiërs hier met mense praat wat *in Christus* nuutgemaak is. Hy praat met mense wat onder beheer van die Heilige Gees lewe (vers 18). Hierdie voorskrifte is dus slegs vir getroude gelowiges bedoel, wat met die Gees vervul is en die hoofskap van Christus oor hul lewe

aanvaar. Ongelowiges kan nie en sal dit nie verstaan nie, nog minder sal hulle daarvolgens kan (wil) lewe.

3.3 DIE TEKS VAN EFESIËRS 5:21-33

Soos reeds gesê laat die omvang van hierdie studie nie toe dat alles oor die teks van hierdie metafoer gesê word wat daar te sê is nie. Om op verantwoordelike wyse die teks te probeer verstaan moet erns gemaak word met die grammatika. Sekere woorde, begrippe en konstruksies moet belig word. Waar daar in hierdie afdeling na die Griekse teks verwys word, kom die aanhalings en verwysings alles uit die Griekse teks van Nestle-Aland (Novum Testamentum Graece 1979). Waar daar na die Afrikaanse teks in die Bybel verwys of daaruit aangehaal word, is die 1983-vertaling van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap gebruik.

Die teks van Efesiërs 5:21-33 is nie 'n maklike teks nie. Tereg sê Markus Barth (1959:15):

There are extremely long sentences into which apparently is pressed in rather obscure, helpless, un-aesthetical, or disorderly fashion, almost every topic between heaven and earth.

Sampley (1971:4) bevestig dit wanneer hy sê:

It is understandable that 5:21-33 has vexed interpreters. It is structurally akin to the remainder of Ephesians in that its style is complex and its sentences long. Its laconic reference to traditional materials undoubtedly summoned to the early reader's mind a complex of traditions available to the researcher only by arduous investigation. This stylistic convolution and laconic reference to traditional formulations extant in the early church, however, need not cause the interpreter to despair of understanding, but impose more rigorous requirements on him. Too often, in complex constructions such as 5:21-33, the interpreter is tempted to express his frustration at the difficulty of understanding by crediting the author of the passage with ineptitude, carelessness or obtuseness.

Vers 21: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig” (ὁδοῦσάσέι). Hierdie vers word algemeen aanvaar as ’n soort oorgangsvers tussen 5:18-20 en 5:22-6:9. Grammaties hoort die vers by albei. Dit is die laaste van ’n reeks participia wat aandui op watter konkrete maniere ’n mens wys dat jy jou laat vervul het deur die Gees. Grammaties sluit dit dus aan by vers 18b “laat die Gees julle vervul”. Aan die ander kant beskik vers 22 nie oor ’n werkwoord nie en is afhanklik van die participium “wees onderdanig” in vers 21 om as werkwoord te dien. Hoewel vers 21 dus die einde van die vorige perikoop vorm, word dit ook algemeen beskou as ’n sambreelteks/opskrif vir die gedeelte wat volg. Slegs in Efesiërs begin die *huistafel* met ’n oproep tot wedersydse onderdanigheid op grond van die geloof in Christus. Dit beteken dat alle Christene aan mekaar wedersydse onderdanig moet wees. Hierdie oproep geld almal vir wie die outeur verder gaan aanspreek, nie net vroue, kinders en slawe nie, maar ook aan mans, vaders en slawe-eienaars.

3.3.1 Aan mekaar onderdanig (ὁδοῦσάσέι)

In vers 21 word gesê dat gelowiges (wat vervul is met die Heilige Gees en deur God verenig is onder die hoofskap van Christus), aan mekaar onderdanig moet wees, uit eerbied vir Christus. Alle gelowiges word dus gelyk gestel aan mekaar. Dit strook natuurlik met baie ander gedeeltes in die Bybel, byvoorbeeld:

- Die een moet die ander hoër ag as homself (Filippense 2:3,5)
- In Christus is daar nie meer Jood of Griek (etnies), slaaf of vry (sosiaal), man of vrou (geslag) nie. In Christus is almal vry/gelyk gemaak. Dit is byvoorbeeld nie meer belangrik of jy man of vrou is nie (Kolossense 3:11, Galasiërs 3:28). Dit is belangrik om te noem dat geslagte tot niet gemaak word nie. Die een geslag is net nie belangriker as die ander in God se oë nie.

Vrouens moet aan mans onderdanig wees maar ook mans aan vrouens. Die motivering vir hierdie opdrag lê in hul eerbied (vrees) vir Christus. Dit verskil van die algemene Stoïsinse beskouing dat die *individu* sy plek moet vind in die (rang)orde van die samelewing (mindere onder meerdere). In vers 21 moet ook die sogenaamde “meerdere” (man) onderdanig wees aan die sogenaamde “mindere”

(vrou). Die opdrag is wederkerig; almal in die geloofsgemeenskap is aan mekaar onderdanig, nie net die “mindere” soos dit deur die Stoïsyne beklemtoon word nie. In die eerste vers van hierdie gedeelte is daar dus al sprake van Christelike etiek. Beide die motivering (uit eerbied vir Christus) sowel as inhoud van hierdie gedeelte (aan mekaar onderdanig) het ’n ander benadering as dié van die patriargale beskouing van daardie tyd. Die skrywer van Efesiërs is nie maar net besig om die beskouing van sy tyd te herhaal soos baie navorsers beweer nie. Hy is besig om kritiek daarop te lewer. Soos later aangedui word, is dit juis een van die outeur se oogmerke met hierdie Skrifgedeelte.

“Uit eerbied (Ὠβᾶβ) vir Christus ” het waarskynlik dieselfde betekenis as elders in die Nuwe Testament waar hierdie uitdrukking gebruik word. Ek noem drie betekenis wat al drie moontlik hier (sou kon) geld:

- Eerbied (as gehoorsaamheid) omdat dit sy opdrag is. Hy is ons Hoof (Matteus 20:26).
- Eerbied (as waardering, respek, dankbaarheid) vir wat Hy alles vir ons gedoen het (2 Korintiërs 7:1).
- Eerbied (as heilige vrees) omdat Hy weer kom en ons gaan beoordeel (2 Korintiërs 5:9-11).

3.3.2 Vrouens aan hul eie mans onderdanig (vers 22,24)

Vers 22. *Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.*

Vers 24. *Soos die kerk aan Christus onderdanig is, so moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.*

In die Griekse teks staan daar letterlik in vers 22 “vroue aan julle eie mans net soos aan die Here” (dus geen werkwoord) en in vers 24 staan daar in die Griekse teks letterlik “soos die kerk aan Christus onderdanig is, so ook die vrou aan haar man in alles” (weereens nie ’n werkwoord saam met die vrou nie).

Die werkwoord (ὄβᾶβ), “om onderdanig te wees”, word slegs saam met die kerk genoem. Nie in een van hierdie twee verse word daar direk gesê dat die

vrouens aan hul mans onderdanig (ὄδῖὸάόόάάέ) moet wees nie. Die woord word slegs gebruik ten opsigte van die kerk se onderdanigheid aan Christus.

Die werkwoord, “onderdanig wees”, in vers 21 word egter veronderstel, of anders gestel, word oorgedra vanaf vers 21. Waarskynlik omdat die skrywer doelbewus die onderdanigheid van die vrou wil koppel aan die algemene opdrag in vers 21, naamlik dat alle gelowiges aan mekaar onderdanig moet wees (ook mans aan vroue). Daarmee beklemtoon hy die feit dat onderdanigheid nie iets is wat net die vrou aan die man verskuldig is nie, maar alle gelowiges aan mekaar (ook die man aan die vrou). Dis asof hy wil sê “vrouens wees aan julle mans onderdanig maar let op daar is reeds in vers 21 gesê dat mans ook aan hulle vrouens onderdanig moet wees”.

Barth (1974:610) beklemtoon dat die onderdanigheid van die vrou een van die praktiese voorbeelde is van die wedersydse onderdanigheid waarvan vers 21 praat. Dit is dieselfde wedersydse onderdanigheid wat prakties word in die man se liefde, die kinders se gehoorsaamheid, die ouers se verantwoordelikheid vir hulle kinders en die slawe en eienaar se houding teenoor mekaar.

Die feit dat ... [hy] ... hier vir die vrou se verhouding tot haar man woord kies wat hy ook in die algemeen gebruik vir mense (en mans!) se verhouding tot ander, is 'n ingrypende deurbreking van die patriargale model. Dit was destyds ondenkbaar om vir die man te sê dat hy in dieselfde verhouding tot ander mense – en selfs tot sy vrou! – moet staan as sy tot hom.

(König 1987:148)

Dit is ook belangrik om te noem dat vrouens hier aan hul *eie* mans onderdanig moet wees. Die opdrag geld hier slegs *binne* die huwelik en nie vir alle vroue, byvoorbeeld buite die huwelik nie. Daar word nie gesê dat 'n vrou aan alle mans onderdanig moet wees nie.

Uit die feit dat die man in die Woord die **hoof** van sy **eggenote** genoem word, mag nie tot die gevolgtrekking geraak word dat hy ook buite die huwelik die meerdere van/gesagsdraer oor alle vroue (selfs

ongetroudes en weduwees) in ander samelewingsverbande (soos bv. die kerk) is nie.

(Van der Walt et al 1987:I)

Wie dus hierdie teks wil gebruik/misbruik om daarmee te beweer dat die Bybel sê “alle vrouens moet aan alle mans onderdanig wees”, het die skrywer misverstaan en dinge in die teks ingelees wat nie daar staan nie. ’n Voorbeeld van so ’n misverstand vind ons in Landman (1989:66-68) se boek met die titel *Nagstukke*. In ’n hoofstuk met die titel *Dis nog nie tyd om onderdanig te wees nie*, skryf sy die volgende in verband met Efesiërs 5:22-23:

Vroue vandag sê ... dat die stuk oor vroue wat in die kerk en in die huis onderdanig moet wees, doelbewus later deur iemand in die teks ingevoeg is.... Dis ’n doelbewuste toevoeging deur iemand wat vroue se plek in die kerk en in die huis wou beperk....

Die skrywer van die Efesiër-brief is egter nie hier besig met die vrou se plek in die kerk of haar plek in die huis nie. Hy is ook nie besig met haar *plek* nie, maar met haar *verhouding* tot Christus en haar man. Landman (1989:66-68) sê verder:

En hierdie ‘soos Jesus hoof is van die kerk’ maak sake eintlik erger, omdat die vrou se onderdanigheid by die huis na die kerk verskuif word. Die vrou moet nie haar lyf in die kerk kom rondgooi nie, word in hierdie stukkie gesê. Jesus is die hoof in die kerk en Hy word daarin deur mans, en nie deur vroue nie, verteenwoordig. Immers is ’n man hoof van die vrou. So beweer dié invoegsel.

Anders as die algemene beskouing in die eerste eeu n.C., naamlik dat ’n vrou aan ’n man onderdanig moet wees omdat hy haar meerdere is, word hier in die Efesiër-brief ’n ander inhoud aan onderdanigheid gegee. Die skrywer van Efesiërs verbind dit net soos in vers 21 aan die vrou se Geesvervulde verhouding met Christus. Sy is onderdanig aan haar man *soos* aan die Here en onderdanig *net soos* die kerk aan die Here onderdanig is. Hierdie onderdanigheid vind sy oorsprong, soos by vers 21, in haar *eerbied* vir Christus (Joubert 1996:43).

Lloyd-Jones (1975:72) bevestig dit:

We are not to submit ourselves one to another because of some political or social teaching, which we may hold. There are people who hold that teaching, that egalitarian philosophy – that all are to be reduced to the same common level. Irrespective of what they are, or who they are, all are to be brought to that level. That is not what the Apostle says at all. ‘Submitting yourselves one to another’. Why? Not because it is your political or social theory, but ‘in the fear of Christ’ – something altogether different.

Dit is uiters belangrik om te verstaan wat hier bedoel word met “net soos julle aan die Here onderdanig is.” Wat hier met mekaar vergelyk word is die vrou se *onderdanigheid aan haar man* en *haar onderdanigheid aan Christus*. Haar onderdanigheid aan haar man is onderdanigheid aan Christus. Onderdanigheid is hier, net soos op baie ander plekke in die Bybel (Romeine 12:15; Filippense 2:3; Galasiërs 6:2; 1 Petrus 5:5), kenmerkend van die gelowige (man en vrou) se lewe as geheel. Dit is ’n gewone deel van hul lewe as Geesvervulde kinders van God.

Dieselfde word byvoorbeeld in Matteus 25:40 gebruik: “Vir sover as julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.” Diens aan mekaar is diens aan God en onderdanigheid aan mekaar is onderdanigheid aan God. Dit is hoe ’n Geesvervulde mens leef.

I would argue that the Greek of v. 22 might be paraphrased in the following manner: ‘Wives, be subordinate to your husbands, and consider this (act) an essential part of your relationship to the Lord.’

(Miletic 1988:37)

Die skrywer van Efesiërs trek reg van die begin af die huwelik in die huweliksgenote se verhouding met Christus in. Dit is belangrik om daarop te let dat die skrywer nie hier Christus en die man met mekaar vergelyk nie. Hy sê nie die man is soos Christus en daarom moet die vrou hom gehoorsaam nie. Weereens verskil hy van die algemene opvatting van sy tyd.

Miletic (1988:88,108) wys daarop dat die werkwoord (ὑποτάσσει) in vers 21, wat hier in vers 22 veronderstel word, nie in die aktiewe vorm voorkom nie maar as passiewe vorm. Dit is belangrik want waar hierdie woord in die Nuwe Testament in die passiewe vorm voorkom, het dit 'n ander betekenis as in die aktiewe vorm. In die aktiewe vorm dui onderdanigheid (ὑποτάσσει) op onderwerping deur mag of deur beheer uit te oefen (vergelyk Romeine 8:7,20; Filippense 3:21, 1 Korintiërs 15:27,28; Romeine 13:32). In die passiewe vorm dui dit egter op vrywillige oorgawe, samewerking uit eie keuse, die gewillige aanvaarding van verantwoordelikheid. Miletic (1988:29) stel dit soos volg:

That the verbal idea should be a middle imperative as opposed to an active imperative is confirmed by the following analysis. Whenever ὑποτάσσει occurs in the active voice within the Pauline Corpus (be it in the form of a verb, participle or infinitive), it suggests the idea that coercive force or power is being used or that some kind of control over something else is to be understood.

However, when it occurs in either the middle or passive voice (regardless of its verbal form), it suggests the idea of co-operation, the act of a free agent.

Dit gaan dus nie hier om 'n slaafse, wettiese of verpligte onderdanigheid van die vrou, of om die onderdrukking van haar wil nie (Barth 1981:714). Miletic (1988:107) verwys na Schnackenburg se opmerkings waarmee hy homself soos volg vereenselwig: “Rather the analogy between the wife and the church suggests that the wife’s subordination is more a matter of a loving response to her husband’s love.” Hierdie tipe *vrywillig ondergeskik stel* is byvoorbeeld wat Jesus gedoen het toe Hy die dissipels se voete gewas het (Johannes 13:12). Dit is 'n ander betekenis van die begrip onderdanigheid as wat die lesers van Efesiërs sou gehad het. Wie onderdanigheid in verse 22 en 24 as negatief beskou, het dus nie die passiewe vorm van die werkwoord reg verstaan nie.

Onderdanig “soos die kerk aan Christus onderdanig is” en “onderdanig in alles” kan eweneens hier ook nie negatief wees nie. Christus se selfoorgawe aan die kruis en die verhouding tussen hom en sy kerk, vorm immers vir die skrywer die

fondament van die huwelik. Christus vra dus niks van die vrou (en man) wat Hy nie self reeds vir hulle gedoen het nie. Hy was *in alles* gehoorsaam aan die Vader, tot die dood toe, ter wille van sy kinders. Van die vrou (en man) word dus verwag om soos Christus te wees. Dit impliseer totale oorgawe aan mekaar.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat hier gepraat word van iets totaal anders as die verpligte onderdanigheid (minderwaardigheid) van die vrou soos dit in die Griekse, Joodse en Romeinse wêreld algemeen aanvaar is. Die outeur wyk nie net effens af van die patriargale beskouings van sy tyd nie. Hy praat hy beslis ook nie na nie. Intendeel, hy ondermyn die beginsel van 'n patriargale huweliksmodel net so radikaal as wat hy doen met slawerny. Hy lewer juis kritiek op die hoofskap in die patriargale model, waar hoofskap beteken het dat die man heers, oor die vrou beskik en haar kan gebruik. Hy praat van 'n totaal nuwe bedeling. Dit gaan hier oor 'n nuwe etiek, 'n Christelike etiek. Die outeur sê iets heeltemal nuut vir die vroue (en mans) van sy tyd.

Samevattend kan gesê word dat dit nie hier gaan oor 'n ondergeskikte posisie aan die man nie. Dit het ook niks te doen met rangorde of status in die huwelik nie. Die Geesbeheerde vrou onderwerp haarself, gee haarself oor, wy haarself volkome toe aan haar eie man omdat sy Christus eerbiedig. Sy doen dit vrywillig en met oorgawe net soos die kerk vrywillig die Here dien en haarself volkome aan Hom oorgee. So verstaan, beteken *onderdanigheid* en *liefde* eintlik dieselfde want albei is wederkerig en daarmee kom 'n mens weer uit by vers 21: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.”

Die huweliksgenote het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar in alles wat hulle is en besit. In vergelyking met die beskouings en die praktyke van sy tyd, verkondig die outeur van Efesiërs 'n besondere egalitiese siening van die huwelik. Hy bepleit nóg 'n patriargale (heerskappy deur man) nóg 'n matriargale (heerskappy deur die vrou) struktuur. Daar is alreeds aangedui dat **‘hoof’** en **‘onderdanigheid’** nie op 'n hiërargiese struktuur in die huwelik dui nie. Die feit dat hy die man oproep om sy vrou lief te hê en die vrou om aan haar man onderdanig te wees, neem nie die verantwoordelikheid van die vrou weg om haar man lief te hê nie, ook nie van die man om aan sy vrou onderdanig te wees nie. Die liefde van die man en die onderdanigheid van die vrou is in feite slegs verskillende wyses van die

wedersydse onderdanigheid waartoe vers 21 hulle oproep. Op hierdie manier bied hy 'n visie van die huwelik wat totaal nuut was vir sy eie tyd en ook nog vir baie eeue daarna.

3.3.3. Die man se hoofskap as selfoorgawe aan sy vrou, uit eerbied vir Christus

Vers 23: *Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.*

Verse 23 en 25 word gewy aan die mans. Volgens Dreyer (1996:95-103) was die huistafels in daardie tyd geïnteresseerd in die gedrag van die *ondergeskiktes*. Hier word egter 'n baie langer gedeelte as normaalweg afgestaan om mans (die sogenaamde *meerderes*) te wys wat die wedersydse onderdanigheid aan mekaar (vers 21) spesifiek vir hulle beteken in die huwelik.

Die *eerste* manier waarop die man se eerbied vir Christus en sy onderdanigheid aan sy vrou (vers 21) gestalte kry in die metafoer, is deur *hoof te wees soos Christus* hoof is van die kerk (vers 23a). Die *tweede* manier is om sy vrou lief te hê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het (vers 25 e.v.).

3.3.3.1 Om hoof (ἐπί) te wees soos Christus hoof is van die kerk

Melitec (1988:118) waarsku dat die teks van vers 23a bedrieglik eenvoudig lyk en maklik verkeerd verstaan kan word as 'n regverdiging van patriargale dominasie. Hy meen dit moet eerder gelees word in die lig van die teologiese boodskap, naamlik *om vir ander te lewe*. Die man se hoofskap word vergelyk met Christus se hoofskap. "Die man is die hoof van die vrou **soos** Christus hoof is van die Kerk." Let daarop dat die man nie soos Christus is nie. Die man se hoofskap is soos Christus se *hoofskap*.

Die woord hoof (ἐπί) kan in Grieks die volgende beteken:

- 'n aanduiding van die hele mens;
- 'n aanduiding van die bron, oorsprong, begin of groeipunt;
- 'n aanduiding van 'n verenigende beginsel of

- leierskap en gesag (die meer algemene betekenis).

Hoewel die lesers in Efese hierdie woord *hoof* (ἡ κεφαλή) in hulle konteks sou kon verstaan as 'n term wat rangorde, leierskap, gesag of posisie aandui, is dit glad nie wat die skrywer hier in gedagte het nie. Omdat die man se hoofskap vergelyk word met Christus se hoofskap, kry dit 'n totaal nuwe inhoud. Die man kan nie vashaak by die eerste deel van vers 23 nie. Die skrywer sê nie net **dat** die man die hoof is van die vrou nie, hy sê ook **hoe**: “Die man is die hoof van die vrou soos Christus die hoof van die kerk is.” Dit is 'n *gekwalifiseerde hoofskap* wat hy in groot detail uitspel in die volgende verse.

Te veel mense wat hierdie hoofskap van die man wil verklaar fokus op die meer *algemene betekenis* van die hoofskap van Christus. Hulle redeneer dan soos volg: Christus is ons Here, hy het volkome gesag oor ons, ons is onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan hom verskuldig. Só, lei hulle dan af, is die man hoof oor sy vrou.

Hier moet onthou word wat Christus self oor gesag geleer het. Vir Hom beteken gesag nie dat die een Christen-grootmeneer oor die ander een speel nie, maar presies die teenoorgestelde, naamlik nederige diens (Lukas 22:24-27). Die heidense manier van gesag uitoefen is dus vir sy dissipels - mans en vroue – taboe.

Die woord *gesag* (ἡ ἐξουσία) wat meer as 100 keer in die Nuwe Testament voorkom, word merkwaardig genoeg net twee maal ten opsigte van die huweliksverhouding gebruik. Die een geval is in 1 Korintiërs 11:10 waar van 'n vrou verwag word om 'n teken van die man se gesag oor haar kop te hê ter wille van die engele. Hierdie Skrifgedeelte is so moeilik om te verklaar dat dit kommentatore vandag nog laat klei trap. Ons kan dit dus eintlik buite rekening laat.

Die woord vir *gehoorsaam* (ὑποταγή) word ook slegs vir kinders en slawe gebruik en nooit ten opsigte van die vrou teenoor haar man nie. As in gedagte gehou word dat daar algemeen in daardie tyd aanvaar is dat die man die gesagsdraer in die huwelik is (ook in die kerk en die breë samelewing), tref dit ons as 'n skok om te verneem dat daar klaarblyklik geen gronde daarvoor in die Woord van God bestaan nie. Christus stel dit baie duidelik dat iemand wat werklik 'n leier

wil wees, moet wees *soos een wat dien* (Markus 9:35), en iemand wat in sy koninkryk groot wil wees, eers nederig *soos 'n kindjie* moet word (Matteus 18:3-4). *Christus as hoof* moet hier aandui wat die man se hoofskap beteken en telkens as Christus in die Skrif aan mense voorgehou word as 'n voorbeeld om na te volg, is dit nie sy krag, gesag en heerskappy nie maar sy nederigheid, selfverloëning en diens wat nagevolg moet word.

Dis baie opvallend dat die outeur van die Efesiër-brief ook glad nie hierdie *algemene betekenis* van hoofskap in Efesiërs 5:23-33 ontwikkel nie. Hy ontwikkel wel twee ander sake as hy oor Christus se hoofskap praat: Eerstens dat hy die Verlosser is van die liggaam, sy kerk (vers 23b), en tweedens dat Christus in liefde sy lewe geoffer het vir sy kerk (vers 25 e.v.).

Hier stem die meeste gesaghebbende skrywers saam dat die hoofskap van Christus en die hoofskap van die man verskil. Die man kan nie verlosser van die vrou wees nie. Net Christus kan verlos. Van der Walt (1987:107) stel dit soos volg:

Christus se Hoofskap oor die kerk is onbeperk, dié van die man oor die vrou is egter beperk en gekwalifiseerd. (Die man kan ook nooit sy vrou verlos soos Christus die kerk nie.) Hier word metafories alleen een spesifieke faset van Christus se hoofskap (sy dienende, lewegewende en voedende liefde) as voorbeeld vir die man in sy verhouding tot sy vrou gestel.

Uit die voorafgenoemde feite kan dus afgelei word dat hoof (ἐπι) eerder hier die betekenis het van “oorsprong, bron, begin of groeipunt”. Christus is die beginpunt van die kerk, die bron wat dit voed en waaruit die kerk groei. Mens sou dit kon saamvat deur te sê dat Christus die oorsprong van die liefde is.

Ook die gedagte van hoof as 'n *verenigende beginsel* is nie vreemd aan die huwelik nie. Die hoof en die liggaam is een. Sny ons die nek af, dan tref dieselfde lot die hoof en die liggaam. As die man dus sy hoofskap misbruik, handel hy uiters onverantwoordelik omdat hy homself (sy eie liggaam) op dié wyse benadeel. Met hierdie metafoer of beeldspraak van hoof word dus ook nabyheid, eenheid en wedersydse afhanklikheid uitgedruk.

Die hoofskap van Christus het 'n verdere kenmerk wat duidelik uit die metafoor na vore kom. Christus se hoofskap is 'n **verdiende hoofskap**. Hy is deur die Vader *verhoog nadat* hy Homself eers *verneder* het. Eers het hy homself gelykgestel aan die mens deur in 'n menslike liggaam op aarde te kom woon. Hy wat die Seun van God is het homself verlaag tot die vlak van 'n mens. Hy het vir ons sondes betaal aan die kruis. Hy het ons skuld op hom geneem. Hy gee vrywillig sy lewe vir ons. Hy aanvaar ons soos ons is en deur ons lief te hê maak Hy ons vry, rein, mooi en heel. Hy doen dit nie deur opdragte en bevele vanuit die hoogte nie (Hy kon as Hy wou). Hy doen dit as dienaar van God die Vader en die mense.

Hoewel hy self God was, het Hy ter wille van ons, wat dit nie verdien nie, 'n slaaf geword (Filippense 2:6-8). **Daarom** het die Vader Hom verhef tot 'n ereposisie en *daarom* is Hy die hoof van die kerk (Filippense 2:9-10). Sy hoofskap is 'n verdiende hoofskap. Hy het eers slaaf geword voordat hy hoof geword het en ons word opgeroep om sy voorbeeld te volg (Filippense 2:5). Hy het eers alles gegee. *Daarom* word hy geëer en *daarom* betoon ons aan hom eerbied. *Daarom* erken ons sy hoofskap. *Daarom* gee ons ons lewens aan hom oor. *Daarom* het ons hom lief.

Presies só, sê die outeur van die Efesiër-brief by implikasie, is die man se hoofskap. As dit soos Christus se hoofskap is dan is dit 'n *verdiende* hoofskap. Geen man wat nie eers sy vrou se "slaaf" geword het nie sal ooit haar hoof wees nie. Slegs 'n man wat soos Christus alles gee vir sy vrou, en leef in haar belang, sal deur haar geëer en aanvaar word as hoof. Hoofskap het niks met baasskap te doen nie.

3.3.3.2 Om sy vrou lief te hê (ἀγαπάω) soos Christus die kerk liefgehad het

25. Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. 26. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27. sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. 28. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, 29. want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Intendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus

met sy kerk doen 30. omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. ...

33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en vrou moet aan haar man eerbied betoon.

Die huwelike in die Nuwe Testamentiese tyd het nie noodwendig berus op liefde nie. In vers 25 kry die man egter nou die opdrag om sy vrou lief te hê (ἡμεῖς ὑμᾶς) en dít boonop na die model van Christus se liefde. Verskeie skrywers dui aan hoe die outeur van die Efesiër-brief groot moeite doen met die konstruksie en grammatika van hierdie perikoop om daarmee te beklemtoon dat die hoofgedagte in vers 23b lê, naamlik: **Christus is die Verlosser van die liggaam, sy kerk**. Christus as Verlosser van sy liggaam, die kerk, is die hart van die hele gedeelte. Alles draai rondom sy verlossingswerk. Hierdie verlossingswerk het 'n afgehandelde en eskatologiese dimensie. Hy is die bron/hoof waaruit die kerk ontstaan het. Hy het die kerk reeds geheilig. Maar hy heilig, voed, versorg en bewaar dit *steeds*. Dit gaan voort tot en met dié dag dat sy bruid (die kerk) onberispelik en geheilig voor Hom sal staan. Op dié dag sal alles finaal onder sy hoofskap verenig word.

In Christus se hoofskap van en in sy verhouding met die kerk, staan sy allesopofferende liefdesdaad aan die kruis dus sentraal. Hy het sy lewe vir ons gegee. Dit is juis die kwaliteit van hierdie liefde (ἡμεῖς ὑμᾶς) – dat dit gee, homself gee (Johannes 3:16). Dit gee alles onverdiend uit genade. Dit gee alles uit vrye wil. Dit soek nie sy eie belang nie maar die belang van die ander. Dit ag die ander hoër as die self.

Met die voorafgaande in gedagte word daar nou gekyk wat vir die man gesê word. Die man kry drie maal die opdrag om sy vrou lief te hê (vers 24, 28, 33). En elke keer word dieselfde werkwoord (ἡμεῖς ὑμᾶς) gebruik. Dié woord dui regdeur die Bybel op God se soort liefde, byvoorbeeld in 1 Korintiërs 13. Dit is ook dieselfde woord waarmee Hy in die metafoor Christus se liefde vir die kerk beskryf. Soos by die vrou se onderdanigheid, verbind Hy hier ook die man se liefde vir sy vrou, aan Christus. Deur na Christus te kyk, leer die man wat die wese van dié liefde is. Christus se liefde is die bron, inspirasie, kriterium en uitdaging vir die huweliksliefde (Barth 1974:623-624). Die man se rol in die huwelik is dus nie

selfhandhawing of die uitoefening van gesag nie, maar juis die prysgawe van die self (Gnilka 1971:279).

Die Christen-man vervul dus sy rol as man die beste wanneer hy sy vrou op dié onbaatsugtige wyse liefhet en dien. Hoofskap beteken dat die man die leiding moet neem in selfoorgawe. In teenstelling met wat baie vandag glo, is die huwelik nie daar om vir jouself iets te kry nie, maar om vir jou huweliksmaat iets te gee, naamlik jouself. Die Bybel praat nie van die *regte* van man en vrou nie maar van hulle *verantwoordelikhede*. Dit beteken nie dat die man sy vrou (of die vrou haar man) soos 'n vloerlap mag behandel nie – intendeel – as hoof is hy die bron, groeipunt en stimulus wat haar in 'n klimaat van liefde tot volle menswees laat ontwikkel.

Daar kan dus gesê word dat 'n man wat met die Gees vervul is (5:18), uit eerbied vir Christus aan ander (ook sy vrou) onderdanig is (vers 21). In die huwelik word hierdie onderdanigheid prakties uitgeleef wanneer die man hoof is soos Christus hoof is van die kerk. Hy vervul sy hoofskap deurdat hy sy vrou liefhet soos Christus die kerk liefhet en sy lewe daarvoor afgelê het. Die man se allesopofferende gee van homself aan sy vrou is die manier waarop hy die Here eerbiedig en die opdrag tot onderdanigheid (vers 21) uitvoer. Die man is dus die **hoof van die liefde** in die huwelik. Dit is sy verantwoordelikheid en daarom kry *hy* die opdrag om lief te hê en nie die vrou nie. Die man se opdrag in vers 21, om onderdanig te wees aan sy vrou, kry dus in die huweliksverhouding 'n besondere karakter wanneer hy, soos Christus, homself vrywillig en onvoorwaardelik aan haar gee. Liefde vir sy vrou is liefde vir Christus. Die man word soos Christus, 'n bron van liefde waardeur sy vrou gevoed en versorg word, wat haar mooi maak, wat haar heel maak. Hy laat Christus se agapé-liefde deur hom vloei na sy vrou toe. Hy word as't ware in hierdie opsig Christus vir haar. Die Gees waarmee hy gevul is (vers 18) het immers, as vrug van die Gees, onder andere ook die liefde. König (1987:148) som dit mooi op as hy sê:

Dit is dus die inhoud van die man se hoofskap oor sy vrou: sy liefdesdiens aan sy vrou om haar stralende bruid te maak, om haar uit die destyds onderworpe en minderwaardige slaweposisie te red en haar volle, vrye lewe te gee. Soos Christus sy kerk (bruid) voed en

versorg, moet die man dit vir sy vrou doen (vers 29) – en dit is sy hoofskap.

Weer eens moet hier gesê word dat die skrywer van Efesiërs groot moeite doen (baie meer as toe hy met die vrou gepraat het oor onderdanigheid) om sy lesers 'n totaal nuwe insig te gee van die huwelik. Hy gebruik wel 'n beeld en terminologie wat in hul patriargale leefwyse 'n ander betekenis gehad het. Maar hy vul dit met 'n totaal nuwe inhoud. Sodoende gebruik hy hul bekende patriargale huweliksmodel maar gee 'n verstommende nuwe betekenis daaraan deur dit te vergelyk met Christus en die kerk se verhouding tot mekaar. Miletic (1988:181) beskryf dit treffend:

The tension between human dignity and dehumanizing androcentrism found at Ephesians 5:22-23 could be described as a collision of two worldviews, where the brilliance of agapic love pushes the darkness of domination and oppression into retreat.

Die outeur van Efesiërs het klaarblyklik besef dat die sosiale sisteem van sy tyd nie gaan verander nie en daarom is sy voorskrifte in Efesiërs daarop gemik om die bestaande huweliksmodel met 'n nuwe inhoud te vul. Die hiërargiese model soos uitgedruk deur *hoofskap* en *onderdanigheid* was die ou aanvaarbare raamwerk waarbinne hy sy nuwe konsepte van *liefde* en *eenheid* plaas.

Die skrywer het 'n nuwe teologie, 'n nuwe Christelike etiek waarmee hy sy lesers konfronteer. Die boodskap (teologie) van die Efesiër-brief kan kortliks soos volg opgesom word:

God se **hoofdoel** is om alles in die hemel en op die aarde onder die hoofskap van Christus te verenig (1:10). Julle is in Christus verlos en julle (Jode en nie-Jode) is nou een in Hom (Efesiërs 1-3, veral 2:14 en 15). Julle is sy liggaam wat verenig is onder sy hoofskap (Efesiërs 4:1-16). God se plan stop egter nie hier nie. Julle as kerk moet nou hierdie eenheid gaan uitleef en uitdrukking gee daaraan. God wil julle as medewerkers gebruik om sy plan deur julle te laat realiseer. Daarom moet julle gevul word met die Heilige Gees (5:18) sodat julle as gelykes onder Christus se hoofskap (5:21) kan uitdrukking gee aan hierdie eenheid in al julle verhoudings

in die samelewing. Julle doen dit onder andere in die huwelik deur julleself volledig oor te gee aan Christus en aan mekaar. Christus is julle voorbeeld van opofferende liefde. Die eenheid en liefde tussen Christus en die kerk is hoe julle eenheid en liefde in die huwelik moet lyk (Efesiërs 5:22-33). Maar dit eindig nog nie hier nie. God wil alle magte, ook die bose, onder sy hoofskap verenig. Daarom moet julle nou hier op aarde vasstaan en weerstand bied teen die bose magte wat sy plan wil verydel. So sal julle rein kan bly totdat God uiteindelik alles finaal onder Christus se hoofskap sal verenig by die wederkoms (Efesiërs 6:10-20).

Die hoofsaak waarom die diskoers gewoonlik gaan naamlik *hoofskap* en *onderdanigheid*, is nou voldoende aangespreek. Wat verse 26-33 betref word daar nou uitgespel wat *hoofskap* en veral *onderdanigheid* beteken binne hierdie metafoor. Dit is vir die doeleindes van hierdie studie noodsaaklik om verder daarop in te gaan.

Vers 26-27 beskryf wat Christus se verlossingswerk vir sy bruid, die kerk, beteken. Deur sy liefde tot in die dood, is hy die skepper (oorsprong) van die kerk maar hy versorg en reinig ook steeds sy bruid (kerk) sodat sy volmaak kan wees, nou en tot by die wederkoms. Let daarop dat die beskrywing “sonder vlek of rimpel, heilig en onberispelik” nou al geld van die kerk maar dit sal met die wederkoms afgehandel wees. Natuurlik skets die skrywer hier ’n baie idealistiese prentjie van die kerk. Sy doel is egter om hulle aan te spoor en te bemoedig sodat hulle kan word wat Christus hulle reeds gemaak het. Hulle moet word wat hulle alreeds in Christus is.

In **vers 28-30** rig die skrywer hom nou weer tot die mans. Hierin sê hy dan dat die man sy vrou moet liefhê soos sy eie liggaam. Omdat hulle een is kom dit daarop neer dat hy homself liefhet as hy sy vrou liefhet (28b). Hy verkondig nie hier ’n soort ongesonde selfliefde nie. Hy bevestig net die intieme eenheid tussen man en vrou. Hulle is eintlik nou een liggaam soos Christus en die kerk. Soos Christus dan met die kerk doen, moet die man ook sy eie liggaam (sy vrou) voed en versorg (29b). So versorg hy homself eintlik, want hulle is een. Dit volg logies dat as hy sy vrou benadeel, verniel en verrinne weer, dan doen hy dit aan homself en dit kan nie en mag nie want ’n mens haat nie jou eie liggaam nie (29a). ’n Man moet sy liggaam (sy vrou) behandel soos Christus sy liggaam (die kerk) behandel.

Vers 30 se “sy liggaam waarvan ons lede is”, het spesifiek die doel om vir die Efesiërs te sê dat hulle deel van hierdie kerk (liggaam) van Christus is. Alles wat hy nou al tot dusver gesê het in verband met Christus en die kerk, geld dus vir hulle. Hy sê as’t ware dieselfde as wat hy in vers 32 herhaal.

In **vers 31** haal hy Genesis 2:24 aan waar die eenheid tussen man en vrou reeds in die begin van die skepping genoem was. Kortliks kom dit, volgens meeste navorsers, (Schnackenburg, Barth, Miletic, Lloyd-Jones, Sampley) daarop neer dat hy nou by die Adamitiese tradisie aansluit en sodoende sinspeel op die *eerste Adam* uit wie die *eerste Eva* geskep is, teenoor die *tweede Adam* (Christus) uit wie die *tweede Eva* (kerk) geskep is. Die eerste Eva is uit Adam se liggaam (rib) geskep en was toe al deel van sy liggaam. Hulle was toe al een vlees. So is Christus (as hoof) en sy kerk (liggaam) ook een. Die *eerste Adam* was die bron vir Eva en so is Christus ook die bron, die beginpunt van die kerk (tweede Eva). Die eerste Eva is geskep uit die man Adam, die tweede Eva is herskep uit (in) Christus.

Man en vrou is gelyk by die skepping (Genesis 1:27) en ook gelyk in die verlossing (Galasiërs 3:28).

(Van der Walt et al 1987:114)

In **vers 32-33** gebruik die skrywer drie woorde om daarmee vir hulle te sê dat hierdie hele teologie van hom (God se plan oor hoe Hy als onder Christus wil verenig), nie sommer algemene kennis is nie. Daar is ’n *diep geheimenis* daarin opgesluit. Ongelowiges sal dit nie verstaan nie. Dit strook met verskeie gedeeltes in die brief waarin hy byvoorbeeld bid dat hulle sal verstaan hoe groot en wonderlik God se plan (liefde) is. Dié plan het Hy in Christus bekendgemaak en uitgevoer. In vers 33b herhaal hy dan net weer vinnig wat die opdrag was vir elkeen. Die man moet sy vrou liefhê soos hy homself liefhet en sy vrou moet aan hom eerbied betoon soos Christus en die kerk met mekaar doen. Nou gebruik hy nie die woord *onderdanig* nie maar dieselfde woord waarmee hy in vers 21 die metafoor begin het, naamlik *eerbied*.

3.4 WAT SÊ/BETEKEN DIÉ METAFOOR

Binne die groter raamwerk van God se plan om alles een te maak onder die hoofskap van Christus, staan Christus se verlossingswerk sentraal. Christus se

liefdevolle, vrywillige, opofferende gee van homself is die spil waarom alles draai. Deur Christus se liefdesdaad aan die kruis is ons nou as kerk verenig onder sy hoofskap. Ons is die liggaam van Christus. Hy is ons hoof. Hierdie besondere liefdesverhouding tussen Christus en die kerk dien as voorbeeld waarvolgens ons, as man en vrou, die eenheid en liefde tussen ons moet uitleef. As ons dit doen wys ons vir die wêreld hoe lyk God se plan. As hulle ons liefde en eenheid sien, sal hulle iets verstaan van God se plan met die wêreld.

Dit gaan hier dus oor liefde wat vrywillig alles gee sonder verdienste, sonder reserwe. Soos Christus homself vrywillig oorgee aan ons, moet almal in wie Hy woon deur sy Gees, sy voorbeeld volg. Soos Christus ons liefgehad het moet ons mekaar ook liefhê. In Christus is alle mense gelyk en almal kry dieselfde opdrag om hul naaste lief te hê soos hulself. Die sleutelwoord by die liefde is **gee** (Johannes 3:16). Dis so totaal anders as in die sondige wêreld waar almal net aan hulself dink; waar elkeen sy eie belang soek; waar mense mekaar gebruik en misbruik vir eie gewin; waar elkeen sy eie god is wat net wil hê; waar mense mekaar vernietig om belangrik te wees en bo uit te kom; waar mense hulle gesag afdwing; waar mense staan op hulle regte en dit opeis.

Wanneer die Gees van Christus mense se lewens beheer, werk dinge anders. Dan volg hulle Christus se voorbeeld. Hulle is verlos van selfsug en die sondige eie ek is gekruisig. Alles het nuut geword. Nou leef hulle nie meer nie maar Christus leef in hulle. Hulle leef nie meer vir hulself nie maar vir mekaar. Hulle dink nie meer aan hul eie belange nie maar aan die belange van ander. Hulle is aan niemand iets verskuldig nie behalwe om mekaar lief te hê. Hulle is nie magsbehep nie. In nederigheid ag hulle die ander hoër as hulself. Hierdie soort liefde doen die naaste geen kwaad nie, dis nie baasspelerig nie, handel nie onweloweglik nie, hou nie boek van die kwaad nie.

As dit is hoe ons ons naaste moet liefhê, hoeveel te meer sal dit nie geld vir ons naaste – naaste naamlik ons huweliksmaats nie? As dit vir al ons verhoudings geld, hoeveel te meer dan nie in ons intiemste verhouding waar man en vrou eintlik een is nie?

Dit is na my beskeie mening wat die skrywer van Efesiër-brief vir sy lesers wou sê. In hul patriargale wêreld verduidelik hy vir hulle wat God se plan met die huwelik regtig is en hoe dit inpas by God se groter plan vir die wêreld. Hy praat nie hulle patriargale opvattinge goed nie. Hy verwerp dit deur 'n totaal nuwe inhoud en betekenis daaraan te gee. Hy maak alles wederkerig. Hy verduidelik aan hulle dat man en vrou se posisie in Christus herstel is. Hulle is vrygemaak en gelyk voor God. Wat vir die een geld, geld ook vir die ander. God verwag nie van die een wat hy nie ook van die ander verwag nie. Daarom moet beide man en vrou aan mekaar onderdanig wees. Daarom buig albei voor Christus se hoofskap. Hulle moet albei hulself aan mekaar gee. Hulle leef nou vir mekaar. Die man gee homself vrywillig en sonder reserwe aan sy vrou soos Christus homself vir die kerk gegee het. Die vrou gee as 'n respons haarself volledig (in alles) oor aan haar man se liefde. Die man gee homself aan sy vrou uit liefde en die vrou gee haarself aan hom terug uit wederliefde. Dit doen hulle uit eerbied vir Christus

Albei gee 100%. Die beginsel van 50/50 sal nooit werk by die agapé-liefde nie. Christus het alles vir ons gegee en sy opdrag aan ons is om dieselfde te doen vir mekaar.

Dis deur hierdie gee van hulself aan mekaar dat beide man en vrou se diepste behoeftes bevredig word. Albei kan volwaardig vry wees, hul volle potensiaal bereik en die mens word wat God bedoel het dat hulle moet wees.

3.5 ENKELE GEVOLGTREKKINGS

* Hierdie metafoer (Efesiërs 5:21-33) is doelbewus haarfyn saamgestel deur die outeur. Deur fyn woordkeuses en sinskonstruksies weef hy 'n ongelooflike bevrydende boodskap aan mekaar.

* Die boodskap van hierdie metafoer pas pragtig in by die boodskap van die hele Efesiër-brief en ook by die groter boodskap van die Bybel as geheel.

* Die outeur van Efesiërs lewer daarmee nie net kritiek op die stereotipe patriargale beskouings van sy tyd nie; hy verwerp dit op 'n baie subtiele manier geheel en al.

* Hierdie metafoor bevat sekere begrippe en verwys na sekere gebruike in die leefwêreld van sy lesers, byvoorbeeld hoofskap en onderdanigheid. Dit beteken egter nie dat die outeur dit goedpraat of dieselfde betekenis daaraan gee nie. Hy gee juis 'n totaal nuwe inhoud daaraan. Hy sê iets wat nêrens vantevore in die Bybel so duidelik uitgespel is nie.

* Hierdie metafoor handel glad nie oor rangorde of leierskap nie. Dit wil dus niks sê oor wie die gesag dra, wie besluite moet neem of wie die mindere of meerdere is nie.

* Die metafoor stel man en vrou as gelykes voor God en vra van albei presies dieselfde – totale oorgawe aan mekaar.

* Dit handel nie oor die regte van man en vrou nie maar oor hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar.

* Dit hanteer slegs man en vrou se verhouding tot mekaar *binne* die huwelik. Dit maak dus geen uitsprake oor mans en vrouens in die algemeen, byvoorbeeld in die samelewing of in die kerk nie.

* Wat in hierdie metafoor gesê word, is bedoel vir gelowiges wat leef onder beheer van die Heilige Gees.

* Hier word niks gesê van gewone rolle en take binne die huwelik nie. Hy sê nie wie moet wat doen nie. Elke egpaar sal dit self bepaal aan die hand van hul eie persoonlikhede, gawes, vermoëns, ondervinding, belangstelling, en so meer. Hier word dus nie gesê wat man en vrou se take is nie. Slegs die gesindheid waarmee die take gedoen moet word kom hier ter sprake. Hy gee nie nuwe huweliksmodel nie. Hy beskryf slegs die verhouding tussen Geesvervulde getroudes wat in enige huweliksmodel kan werk.

* As iemand byvoorbeeld vra wat sê Efesiërs 5:21-33 oor die man of vrou se status, of oor hul regte, is 'n verkeerde interpretasie reeds gewaarborg. Die “regte” soort vrae wat mag/kan gevra word is byvoorbeeld: Wat sê die metafoor oor die eenheid tussen man en vrou die huwelik? Hoe lyk die liefde tussen man en vrou in die huwelik? As iemand nie bekend is met die inhoud van die metafoor nie is die enigste vraag wat gevra mag word: Wat sê die metafoor?

* Dit is onmoontlik vir enigiemand om *objektief* met hierdie metafoor besig te wees. Almal kyk deur 'n eie sosiale en kulturele bril. Dit kan veroorsaak dat woorde soos *onderdanig* en *hoof* reeds 'n negatiewe of 'gelaaide' betekenis het. Dit kan, en het waarskynlik talle kere al, veroorsaak dat dinge in die teks ingelees word wat nie daar staan nie. Dit kan ook veroorsaak dat mense byvoorbeeld negatief voel of reageer en dan die teks wil vermy of stilmaak. Sodoende word die mees bevrydende stuk evangelie wat ooit oor die huwelik geskryf is egter gemis. Dit kan juis bevry en man en vrou help om hul volle potensiaal te bereik. Dit kan die mans en vroue help om die mens te wees wat hulle in Christus bedoel is om te wees

Dit is dus die navorser se hipotese dat die egalitêre interpretasie van Efesiërs 5:21-33 (sien 1.2) wel op verantwoordelike wyse uit die teks afgelei kan word. Die Christus-kerk metafoor beskou man en vrou in die huwelik as gelykes en vra van albei dieselfde: onvoorwaardelike, allesopofferende liefde en diens aan mekaar. Dit handel in hierdie metafoor nie oor posisie, status en gesag nie maar oor oorgawe, opoffering, liefde en diens.